Brand-tragedie

Deur **Liesel le Roux**

Forensiese kundiges van die Polisie en nooddienspersoneel soek Sondagoggend in die puin na oorskot van oorledenes wat in die brand gesterf het.

DIE sewe Oudtshoorniete wat Sondagaand in 'n verwoestende brand in die CG-kamp in Bongolethu gesterf het, se name is gister deur die Polisie bekend gemaak.

Hulle is mnr Jan Galant (46) en sy seuns Ashwil Windvogel (7) en Juandre Windvogel (10), me Andrika Jantjies (28), me Janine Pieterse (26), haar vriend mnr Marshall Vaaltyn (28) en hul 22-maandoue seun Llewellyn Pieterse.

Jantjies se babadogter van nege maande, Hope, wat deur haar pa, mnr Lennox Booysen, uit die vlamme gered is, word tans vir brandwonde in die Oudtshoorn Hospitaal behandel.

'n Erg geskokte Booysen het Sondagoggend vertel dat me Andrika Jantjies (25) hom wakker gemaak het toe sy van die brand bewus geword het. Toe hy hul kamer se deur oopgemaak het, het die vlamme se geweld hom teen die grond gegooi. Hy kon egter vir Hope gryp en uit die gebou hardloop. Jantjies was op sy hakke, maar het volgens Booysen klaarblyklik gesterf toe 'n brandende deel van die dak op haar neergestort het.

Me Nadia Ferreira, skakelpersoon van die departement gesondheid van die Eden Distrik, het gister gesê dit gaan goed met Hope. "Sy is stabiel nadat sy slegs oppervlakkige brandwonde opgedoen het op haar bene, voete, arm en kopvel. Sy reageer goed op behandeling en sal waarskynlik binnekort ontslaan word."

Tien kamers in 'n voorafvervaardigde gebou waarin sewe families gewoon het, het saam met twee sale wat as kerke gebruik is, afgebrand. Die gebou het na verneem word plankvloere gehad. Sewe families het in die tien kamers gewoon.

Volgens die uitvoerende burgemeester, mnr Gordon April, is die Brandweer omstreeks 23:40 van die brand in kennis gestel, sowat vyf minute nadat die Polisie daaroor ingelig is. Brandweerwaens het binne 10 minute vertrek, maar die hele gebou was al in vlamme gehul toe die brandweer daar opgedaag het.

Die oorsaak van die brand was teen druktyd nog nie bekend nie. Volgens brig Robert Maluleke, stasiebevelvoerder van Oudtshoorn, is geen teken van enige ontvlambare stof op die toneel gevind nie.

Oorsaak van brand gesoek

Deur **Liesel le Roux**

HOEWEL daar tans geen aanduiding is wat tot die verwoestende brand Saterdagaand in die CG-kamp in Bongolethu gelei het nie, is forensiese personeel tans hard aan die werk om die oorsaak te probeer vasstel, het brig Robert Maluleke, stasiebevelvoerder van Oudtshoorn, Maandag gesê. Maluleke het ook aangedui dat daar geen teken van enige ontvlambare stof op die toneel gevind is nie nadat gerugte vandeesweek geloop het dat die brand dalk deur paraffien wat ontvlam het, veroorsaak is.

Van die omstaanders op die toneel van die brand was Sondagoggend woedend omdat daar geen waterpunte in die omgewing van die CG-kamp is waar water gekry kon word om die vuur te help blus nie.

Hulle het vertel hoe die gemeenskap hulpeloos was om te help en dat van die kinders in die brandende gebou se lewens gered is toe hulle gehelp is om deur vensters na buite te klim.

Mnr Walter Hendriks, bestuurder gemeenskapsdienste van die Groter Oudtshoorn munisipaliteit, het aantydings ontken dat daar nie water in die brandweerwa was wat na die toneel gestuur is nie. Volgens hom het die water egter opgeraak en kon dit nie aangevul word nie, omdat daar nie water by die kamp is nie.

Die waarnemende munisipale bestuurder, mnr Mpho Mogale, het Maandag by ‘n nuuskonferensie verduidelik dat die CG-kamp ‘n privaatkamp is waar inwoners self besluit het om te bly ten spyte daarvan dat daar nie water is nie. Volgens hom is van die inwoners voorheen al geadviseer om die kamp te verlaat.

Die Oudtshoorn munisipaliteit het Saterdagaand die 35 oorlewendes van die brand in die Bongolethu Gemeenskapsaal gehuisves, maar Sondag na die Bridgton Toeriste-kamp verskuif waar hulle tans tydelik woon.

Mogale het aangedui dat die oorlewendes bygestaan sal word om ander huisvesting te vind.

Die SAPD en die departement van maatskaplike dienste het ook vandeesweek oorlewendes bygestaan met berading terwyl die Oudtshoorn Munisipaliteit ‘n hulpfonds vir die oorlewendes begin het.

Intussen het inwoners van die Groter Oudtshoorn ook vandeesweek betrokke geraak om die slagoffers se families by te staan. Twee begrafnisondernemers het aangedui dat hulle die slagoffers gratis sal begrawe, terwyl verskeie mense aangedui het dat hulle skenking van kos en klere en ander goedere wil doen.

Die begrafnisreëlings vir die sewe mense wat in Saterdagaand se brand gesterf het, is as volg:

Mnr Jan Galant (46) en sy seuns Ashwill Windvogel (7) en Jeandre Windvogel (10) word Saterdagoggend om 09:00 vanuit die Nuwe Apostoliese Kerk begrawe.

Die ander vier oorledenes, Andrika Jantjies (28), Janine Pieterse (26), Llewellyn Pieterse (22 maande) en Marshall Vaaltyn (29) word om 12:00 tydens ‘n massabegrafnis vanuit die Bongolethu Gemeenskapsaal begrawe. Gebedsbyeenkomste vind om 11:00 by familielede se huise plaas.

‘n Roudiens vir die oorledenes word ook Vrydag om 14:00 in die Bongolethu Gemeenskapsaal gehou.

Hulp aan slagoffers

November 10th, 2011

DIE Oudtshoorn Burgemeestershulpfonds is vandeesweek deur die munisipaliteit in die lewe geroep om die slagoffers van die brand in die CG-kamp by te staan. Inwoners kan bydraes van kos, klere en ander items afgee by die kantoor van die Oudtshoorn Munisipaliteit Rampbestuur in Asstraat (ry vanaf die dorp se kant met Voortrekkerweg, draai regs in Jacobsonstraat, draai links voor Pennypinchers in Poplarstraat, draai weer links by eerste stopteken, gebou is dan links). Die kontakpersoon is me Irene Malgas (tel 044 203 3903). Finansiële bydraes kan inbetaal word in die volgende rekening: Oudtshoorn Munisipaliteit – GC Camp Mayoral Relief Fund, Standard Bank, rekeningnr 330 073 435, takkode: 050514.